


SESSIE 2. DIE ABRAHAM VERHAAL SIKLUS

Genesis 11:27-25:18 (lees die gedeelte as 'n geheel voor die sessie)

In sessie 1 is daarop gewys dat Genesis 12-50 uit drie opeenvolgende familie geskiedenis verhale bestaan (Abraham, Jakob, Josef) wat elk in eie reg gelees en verstaan moet word. Die verhale speel af teen die breër agtergrond van gebeure in die Ou Nabye Ooste waarin die skrywer 'n implisiete boodskap wil oordra wat kunstig in die verhaalvorm ingebou is. Ons fokus is nie die akkuraatheid van historiese gebeure nie, maar eerder die boodskap wat die skrywer rakende God wil oordra.

Genesis 1-11 vertel hoe God alles goed skep en die manier waarop mense deur hulle keuses God se skepping kompromitteer. Alhoewel dit God diep grief gee hy nie die skepping prys nie, maar herskep. Genesis 11-12 is dus 'n oorgang na 'n nuwe siklus verhale waarin God deur die intriges binne die families van Abraham, Isak, Jakob en Josef Homself opnuut tot die skepping verbind. Dit gaan nie in hierdie verhale oor die behoud van Abraham of sy eie nageslag (die volk Israel) nie, maar God se verbintenis aan 'n groter wêreld waarin sy omgee en genade duidelik blyk: "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen. 12:3).



In die eerste deel van die sessie gaan ons vir aandag skenk aan die plekke wat Abraham in sy omswerwinge besoek het (sien plekname op kaart in vorige blad). In die tweede deel gee ons meer spesifiek aan die teks en die boodskap daarvan aandag.


Deel 1. Abraham se reise

Let op hoe al die plekke wat Abraham in Kanaän besoek op die sentrale hoogland gebied, in 'n area wat die Suidland¹ genoem word, geleë is (sien kaart van Israel in vorige sessie).

1. **Ur van die Galdeërs** (Ur is in Irak geleë). Ur was 'n belangrike Sumeriese stadstaat wat destyds langs die kus geleë was. Tera, Abraham se pa, trek in Genesis 11:31 uit Ur om na Kanaän te vertrek, maar kom net sover as Haran (Gen. 11:32) waar hy sterf. Abraham speel in al drie van die wêreld se monoteïstiese godsdienste (Christendom, Judaïsme en Islam) 'n kern rol. Terwyl die Christendom Jesus se geslagsregister via Isak na Abraham herlei, word die profeet Mohammed se geslagsregister via Ismael aan Abraham gekoppel (sien Abraham se stamboom in sessie 1). Binne die Judaïsme is daar 'n kommentaar, bekend as Genesis Rabbah, wat oor Abraham se kinderlewe in Ur vertel en waarin Abraham sy ontevredenheid uitspreek oor sy pa (Tera) wat afgodsbeeldjies verkoop.
2. **Haran.** (Haran is in Turkye geleë) Abraham woon 'n geruime tyd in Haran waar hy op die ouderdom van 75 die roeping van God kry (Gen. 12:1-3) om na Kanaän te verhuis en so uiteindelik op die plek uit te kom waarheen sy pa destyds wou reis.

¹ Genesis 12:9

3. **Sigem.** (Wes oewer van Israel – op kaart aangedui as *Sechem*). Abraham en sy familie trek dan die land van die Kanaäniete binne tot by Sigem se waarsêers boom waar hy 'n altaar oprig. Watter plek dink julle was die waarsêers boom? Altare (gemaak deur klippe of grond) is deur Aartsvaders op plekke opgerig (dikwels berge/heuwels) waar hulle ontmoetings met God gehad het. Baie van hierdie plekke, soos die waarsêers boom in Sigem of Mamre se groot bome, was reeds voor hulle koms plaaslike Kanaänitiese aanbidding plekke. Let op hoe plekke soos Sigem en Bet-El later in die Ou Testament gevestigde aanbidding plekke word waar die Israeliete aanbid en later in die Ou Testament deur die Konings gesluit en vernietig is, sodat aanbidding slegs in Jerusalem se tempel toegelaat is. Neem tyd en lees gerus deur die tekste hieroor in die voetnota².




Vandag is Sigem bekend as *Nablus* en in die Palestyne Wes oewer gebied geleë (sien foto langsaan). Berg Gerizim was bekend as 'n ou en belangrike aanbiddingsplek en waarskynlik waar Abraham 'n altaar gebou het. Sigem was later die hoofstad van 'n gebied bekend Samaria (die setel van die tien noordelike stamme). Wanneer Jesus in Johannes 4 in die omgewing reis en 'n Samaritaanse vrou ontmoet word gevra na die ware aanbidding plek: Is dit berg Gerizim in Sigem of berg Moria in Jerusalem? Dit



² In die tyd van koning Salomo (c 930 vC) is nog by plaaslike aanbiddingsplekke aanbid (1 Kon. 3:2-3; 13:1-5). Tydens koning Hiskia se hervorming (c 700 vC) het hy die aanbiddingsplekke van hulle voorvaders vernietig (2 Kon. 18:3-4). Later het koning Josia (c 610 vC) ook 'n poging aangewend om plaaslike aanbiddingsplekke te vernietig sodat self in Jerusalem se tempel aanbid kon word (2 Kon. 23:4-27).

is ook die plek waar Jakob hom helaas vestig (Gen. 33:18-20) en waar Josef begrawe is (Josua 24:32).

4. **Egipte.** In Genesis 12:10 vertrek Abraham weens 'n hongersnood na Egipte waarna hy weer na Kanaän terugkeer na die Suidland (gebied rondom Mamre, Hebron en Berseba).
5. **Hebron, Mamre en Berseba.** 'n Groot gedeelte van die Abraham verhaal speel in hierdie gebied af wat as die Suidland bekendstaan. Die Makpela grot waarin Abraham en Sara, Isak en Rebekka asook Jakob en Lea in begrawe is, is in Hebron geleë en dien tot vandag as aanbidding plek vir beide Jode as Moslems. Josef en sy twee seun, Efram en Menassa is in die omgewing van Sigem begrawe (lees Josua 24:32).



**Deel 2. Die unieke storielyn (plot) van die Abraham verhaal in
Genesis 11:30-25:18**

Die Abraham verhaal siklus kan in vier gedeeltes opgebreek word (vir al die Aartsvader verhale volg ek die riglyn van 'n baie bekende Ou Testament teoloog, Walter Breuggemann).

A	12:1-3	Belofte van land & nageslag.
	12:4-9	Abraham reageer op God se belofte en trek.
	12:10-20	Abraham vrees vir sy lewe en jok oor Sara.
	15:1-3	Sonder enige erfgenaam kan die belofte van land nie realiseer nie – opbou van spanning in verhaal wanneer Sara nie 'n kind kan verwek nie.
	16-18	Plan B as God se belofte nie realiseer nie. Abraham verwek 'n kind by Sara se slavin Hagar (geboorte van Ismael).
	20	Abraham jok weer vir Abimelek oor Sara.
	21	Isak se geboorte. Uiteindelik kan die belofte van land op dreef kom, maar dit is helaas nie die einde van die verhaal nie.
B	22:1-13	Belofte word getoets. Abraham staan die kans om alles te verloor.
C	22:15-18	Die belofte in 12:1-3 herbevestig, maar die betekenis daarvan het deur die loop van die verhaal 'n nuwe betekenis gekry.
D	23-25	Transisie na volgende verhaal siklus.

A. Wat is die TEMA van die verhaal? Die tema ontvou tussen twee hoofmomente in verhaal, A (12:1-3) en B (22:1-13), waarin die spanning opbou: Gaan God se belofte van land en nageslag in vervulling kom en hoe presies gaan dit gebeur? Let op hoe Abraham se geloof in die beweging van A na B in die verhaal

verander word (sien gedeelte aan die einde van die sessie waarin jy Abraham se karakter moet skets).

- **‘n Nuwe begin.** Genesis 12 volg op die reeks mislukkings van die mens in Genesis 1-11 en is as te ware weer die begin van ‘n nuwe skepping. Dit gaan nie hier primêr oor ‘n Abraham, sy familie of Israel nie, maar wel oor God se seën vir die hele skepping (Gen 12:3). Deur die verhaal beklemtoon die skrywer God se intensie om deur Abraham ‘n nuwe geloofs gemeenskap van mense op te rig. Hebreërs 11 is ‘n goeie samevatting van die verhaal se fokus op wat dit beteken om in geloof te lewe.
- **Abraham trek met ‘n groot verwagting.** Die verhaal begin deur God se roeping en Abraham wat positief daarop reageer en alles agter los. Terwyl hy trek leef die vraag in hom: “Hoe gaan God se belofte van land en nageslag vir my realiseer?” Dit was nie so maklik as om net in Kanaän te arriveer nie.
- **Die eerste krisis/komplikasie.** Abraham kan weens ‘n hongersnood (droogte) nie langer in Kanaän oorleef nie en trek na Egipte (Egipte het in hierdie tyd oor die gebied van Israel regeer). Hy jok oor sy vrou Sara om so sy eie lewe te probeer red. “Sê tog maar jy is my suster dat dit met my goed kan gaan oor jou en my lewe deur jou toedoen gespaar word” (Gen.12:13). Let op hoe die heiden Egiptiese Farao as regverdig uitgebeeld word en Abraham as die skelm! (Gen. 12:18-19).
- **Abraham as vreemdeling tussen ander nasies.** Wanneer Abraham in Kanaän arriveer in Genesis 12-13 bevind hy hom in die midde van verskeie nasies en koninkryke waarvan een koning Melgisedek is. Let op hoe die skrywer Melgisedek bekendstel: “Melgisedek, koning van Salem (moontlik Jerusalem) en priester van God die Allerhoogste, het vir Abraham kos en wyn gebring en hom geseën” (Gen. 14:18-19). Wat is interessant rakende Melgisedek se beskrywing? Die skrywer impliseer dat God reeds lank voor Abraham se koms in Kanaän by mense was. Die realiteit dat God oor alles regeer, duik telkens in Genesis 1-50 op.

In Genesis word God en godsdiens baie anders aangebied as in Deuteronomium, Josua, Rigters, 1-2 Sameul en 1-2 Konings (die versameling

boeke staan bekend as die Deuteronomistiese geskiedskrywing). In Genesis 12-50 is daar byvoorbeeld nie sprake van 'n enkele aanbiddingsplek of godsdienstige geskrif waarin enige beginsels of wette geld nie. God ontmoet mense in die daaglikse roetine van lewensgebeure en nie net in die tempel in Jerusalem nie. In Genesis 12-50 word na God as "El"³ verwys. "El" was die benaming vir die Kanaänitiese oppergod. Die skrywer wil pertinent die punt maak dat God Hom nie laat vaskeer deur 'n tempel of mense se godsdienstige perspektiewe of verwagtinge nie. Hy is soewerein en tree buite godsdienstige konvensies op waar Hy oor alles en almal heers.

- **Abraham se twyfel omdat niks sigbaar verander nie.** Toe sê Abraham: "Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf, en Eliësier die man uit Damaskus sal my besittings kry" (Gen. 15:3). Omdat dit nie lyk of God se belofte gaan realiseer nie, besluit Sara dat Abraham by haar slavin, Hagar 'n kind moet verwek. Nadat God vir Abraham in Genesis 17-18 ontmoet en sy belofte herbevestig, kry vrees weer oor Abraham die oorhand. Hy gaan as vreemdeling in Gerar tuis en in 'n poging om sy verblyf daar te verseker, jok hy weer oor sy vrou. Net soos die Farao in Genesis 12 word koning Abimelek in Genesis 20 uitgebeeld as die een wat reg doen en Abraham as die skelm. "Verder het Abimelek vir hom gesê: Wat het jou besiel om so iets aan te vang?" Abraham se verweer is: "Ek het gedink hier (in Gerar) is niemand wat vir God dien nie en die mense sal my doodmaak oor my vrou" (Gen. 21:10-11). God is besig om Abraham se perspektief van die wêreld waarin hy leef, te verander!

Sien hoe die tydsverloop in die verhaal wat deel is van die spanningslyn:

- Abraham is 75 toe hy uit Haran na Kanaän wegtrek (Gen. 12:4).
- Abraham is 86 toe Ismael gebore word (Gen. 16:16).
- Abraham is 99 toe God sy belofte aan hom herbevestig (Gen. 17:1). "Toe het Abraham op sy knieë geval en hy het gelag en gedink: kan daar vir 'n man van honderd 'n kind gebore word, of kan Sara wat negentig is, 'n kind in die wêreld bring?" (Gen. 17:17).
- Abraham is 100 toe Isak gebore is (Gen. 21:5).
- Abraham sterf op die ouderdom van 175 (Gen. 25:7-8).

³ Die begrip "El" impliseer 'n God wat bo en oor alles is – ook ander gode.

- **Isak word gebore.** Die verhaal se spanning los op as Isak uiteindelik in Genesis 21 gebore word. Die verhaal sou hier kon eindig, want met 'n erfgenaam kan die belofte van land ook nou in vervulling gaan (Gen 12:1-3).

B. Die belofte word getoets (Gen. 22:1-13)

- **Die spanning bou op tot 'n breekpunt.** Net soos die spanning met Isak se geboorte verlig word, bou dit skielik in 'n kort gedeelte op tot 'n breekpunt as God Abraham se geloof toets. Dit is in hierdie toets waarin ons 'n progressie in Abraham se geloof kan bespeur. Kom ons kyk dieper na die verloop van Genesis 22:1-13
 1. Die leser word reeds aan die begin van die verhaal in Genesis 22:1 meegedeel dat God Abraham se geloof gaan toets.
 2. Staan Abraham se opdrag om Isak te offer teenoor God se belofte van land en 'n nageslag? Waarom sal God na soveel jare van bloedsweet en tranes skielik alles wil wegvat? Wat is God besig om te doen? Wat wil die skrywer deur hierdie insident by ons oor geloof en God tuisbring?
 3. Ten spyte van die kontradiksie is Abraham gehoorsaam. Die volgende teks waarin Abraham aan die woord is, is van kritiese belang: **“My seun, God sal sy eie offerlam voorsien”** (Gen. 22:8). Na afloop van die insident bou Abraham 'n altaar as teken dat God hom op 'n besondere manier ontmoet het.

Die plek waar Abraham vir Isak moes offer word tradisioneel met die klipkop bo punt van berg Moria in Jerusalem verbind (daar is ook ander wat meen dat dit berg Gerizim in Sigm is). Die Jerusalem tempel is later deur Salomo bo-oor die klip gebou.



Vandag staan die

Moslem heiligdom bekend as die “Dome of the Rock” (koper koepel gebou) oor die rots

C. TEMA: God sal voorsien (Genesis 22:13-19). Die ontknoping van die verhaal.

- Die hoogtepunt van die Abraham verhaal siklus is Genesis 22:12, “Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet ek dat jy my dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie”. In die plek van Isak voorsien God dat ‘n ram geoffer word, waarna Abraham die plek “die Here voorsien” noem (Gen. 22:14).
- Die verhaal kom tot ‘n einde as die aanvanklike belofte in Genesis 12:1-3 in Genesis 22:16-18 herhaal word. Tussen hierdie twee beloftes is Abraham se verstaan van God en geloof radikaal verander. Hierin lê ‘n besondere boodskap opgesluit wat die skrywer aan sy gehoor en toekomstige generasies wil oordra.

Die betekenis van die Abraham verhaal siklus.

Wat wou die skrywer van die verhaal dus by sy hoorders tuisbring?

Hoe is God in ons wêreld teenwoordig?

Skets in kort die kenmerke van Abraham se karakter. Hoe het hy deur die loop van die verhaal verander? Tot watter insigte het hy gekom?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Die verhaal siklus getuig oor God wat voorsien en hoe gelowiges met geloof binne hierdie voorsienigheid lewe. Dit het gelowiges in die Ou Nabye Ooste, wat onder andere vasgevang geleef het onder die druk van internasionale politiek en ekonomiese realiteite, geïnspireer om sinvolle lewens te lei. Ook gelowiges wat tye van persoonlike krisis as gevolg van onvoorsiene omstandighede, konflik en spanning moes deurmaak. Gelowiges wat in 6 de eeu voor Christus uit die Babiloniese ballingskap na Israel teruggekeer het, is getroos dat God nie deur hierdie tragedie hulle verlaat het nie, maar dat hulle selfs in ballingskap (slegste moontlike uitkoms) betekenisvolle lewens kon lei. Die boodskap van die Abraham verhaal word deur die skrywer van Hebreërs as volg opgesom:

Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.

Hebreërs 11:8.

Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit belof het, getrou geag het.

Hebreërs 11:11.

Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: "Uit Isak sal jou nageslag gebore word," het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het.

Hebreërs 11:17-19.

Geloof is nie maklik nie. Abraham se verhaal getuig dat geloof deur jare van bloedweet en trane gevorm word en nie net deur op plekke in die lewe te arriveer nie. Soos Abraham, reageer ons positief op God wat ons roep, maar wil dan gou self dinge ten goede laat meewerk wanneer dinge nie uitwerk soos ons "gehoop of geglo" het nie. Ten spyte hiervan bly God getrou en bring hy Abraham by 'n punt in sy lewe waar hy goed volkome vertrou en rus vind in God se voorsienigheid. God voorsien dus ook wanneer ek nie kry wat ek op gehoop en in geglo het nie! Ons leer nie geloof in die woorde van Bybeltekste nie, maar deur lewenservaring soos wat die woorde in die Bybel (Abraham verhaal) die waarheid prakties in ons laat resoneer.

God is soewerein. Hierdie tema kom ook in die Bybelboek Job ter sprake. God werk buite ons konvensionele raamwerk van God, godsdiens en ons siening van die werklikheid. Die Abraham verhaal siklus breek deur hierdie perspektief wanneer God deur mense soos die Farao, Melgisedek, Abimelek verandering bring en die toekoms in 'n nuwe rigting stuur.

Geloof bring ons dus voortdurend by onvoorsiene omstandighede en geleenthede van vernuwing uit wat ons in staat stel om die volgende siklus van uitdagings te hanteer. Daarvoor moet ons egter erken dat God soewerein is en hom nie laat manipuleer deur ons eie verwagtinge nie. Abraham leer om op God te vertrou al maak sy omstandighede geen sin nie.

God gee vir 'n skepping om

Die Abraham verhaal eggo die boodskap van Genesis 1-12: Ten spyte van mense se verkeerde keuses en die uitkomst daarvan, laat vaar God nie sy skepping nie. Dit gaan nie oor die behoud van net Abraham of die nasie Israel nie, maar raak alles en almal in die skepping.

Hoe spreek die verhaal jou eie lewe aan in die wêreld waarin jy jouself vandag bevind?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

HUISWERK VIR VOLGENDE WEEK

Lees die verhaal van Jakob in Genesis 25:19-37:1